

HOOFSTUK VIIIBUITENGEWONE ONDERWYSA. OMSKRYWING VAN BUITENGEWONE ONDERWYS.

Alvorens daar gelet word op die betekenis en inhoud van die begrip "buitengewone onderwys" en verwante begrippe soos "spesiale skole" en "gestremde kind", is dit belangrik dat daarvan kennis geneem word dat buitengewone onderwys ook wette-regtelik, en voortvloeiende uit die bepalings van die Grondwet, as hoër onderwys gereken word. Dit is bekend dat die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet No. 32 van 1961) bepaal dat hoër onderwys die verantwoordelikheid van die Sentrale Regering is.<sup>1)</sup> In artikel 17 van die Konsolidasie- en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1945, soos gewysig deur Wet No. 41 van 1967,<sup>2)</sup> word gespesifiseer wat presies deur die uitdrukking hoër onderwys omvat word. In hierdie omskrywing word buitengewone onderwys onder sub-artikel (d) ingesluit.

Die praktiese implikasies van die bogenoemde gegewens is dat die Departement van Nasionale Opvoeding volgens grondwetlike bepaling vir buitengewone onderwys verantwoordelik is. Hierdie feit vorm dan ook die basis van die verdere behandeling van buitengewone onderwys in hierdie hoofstuk.

Voor Unifikasie het die vier provinsies elk sy eie wette, ordonnansies of proklamasies uitgevaardig waarin buitengewone onderwys bepaal en gereël is. Na Unifikasie het die Wet op Geestesgebreke verskyn.<sup>3)</sup> Dit het meer eenvormigheid teweeggebring maar het nogtans nie 'n bevredigende oplossing vir die reëling van hierdie soort onderwys gebied nie.

In die Wet op Beroepsonderwys en spesiale skole van 1928 (Wet No. 29 van 1928) is die beheer oor spesiale skole pertinent aan die Minister van Onderwys opgedra en daarin is

---

1) Wet No. 32 van 1961, artikel 84 (ooreenstemmend met artikel 85(iii) van die Suid-Afrika Wet van 1909).

2) Wet No. 41 van 1967, artikel 44.

3) Wet No. 38 van 1916.

ook 'n omskrywing gegee van wat as spesiale skole beskou word ten einde 'n duidelike klassifisering ten opsigte van hierdie soort skole te gee.<sup>4)</sup> Dié omskrywing was betreklik wyd gestel maar het die doel gedien om die onderwys aan alle gestremde kinders onder die Wet te betrek.

In die jongste wetgewing oor spesiale skole<sup>5)</sup> word sorgvuldige omskrywings gegee om die terrein van buitengewone onderwys af te baken.

Kortliks saamgevat kan gesê word dat die Minister van Nasionale Opvoeding verantwoordelik is vir buitengewone onderwys, dit wil sê onderwys vir gestremde kinders soos wat in spesiale skole gegee word. Soos te begrype is, omvat hierdie soort onderwys heelwat meer as dié vir kinders in die gewone skole. In die Wet op Onderwysdienste van 1967 (Wet No. 41 van 1967) word buitengewone onderwys beskryf as:

"... dié onderwys van 'n gespesialiseerde aard, dié mediese, tandheelkundige en terapeutiese behandeling (met inbegrip van die uitvoer van operasies), voorsiening van kunsmatige mediese hulpmiddels, versorging in 'n hospitaal en in 'n skoolkoshuis, vervoer en begeleiding, en die verskaffing van dié ander dienste wat, na die oordeel van die Minister, nodig is om in die behoeftes van 'n gestremde kind te voorsien."<sup>6)</sup>

Bogenoemde omskrywing dui aan welke aspekte deur buitengewone onderwys ingesluit word, maar dit dui nog nie aan welke kinders en welke soorte skole hierby betrokke is nie. Duidelikhed hieroor kan verkry word deur te let op die omskrywing van 'n gestremde kind in die Wet op Onderwysdienste: Dit is 'n kind onder die ouderdom van 18 jaar wat na die oordeel van die Sekretaris van Nasionale Opvoeding in só 'n mate afwykend is ten opsigte van liggaam, verstand of gedrag dat hy -

---

4) Artikel 1.

5) Wet op Onderwysdienste, 1967 (Wet No. 41 van 1967).

6) Artikel 1(vi).

- "(a) nie voldoende voordeel kan trek uit die gewone onderrig wat in die normale loop van onderwys verskaf word nie;
- (b) onderwys van n gespesialiseerde aard nodig het om sy aanpassing by die gemeenskap te vergemaklik; en
- (c) nie n gewone klas in n gewone skool behoort by te woon nie, omdat sodanige bywoning vir hom of vir ander leerlinge in daardie klas skadelik kan wees." 7)

Gestremde kinders soos hierbo bedoel en wat ipso facto na spesiale skole onder die beheer van die Departement van Nasionale Opvoeding moet gaan, is die volgende:

1. Dowe kinders
2. Hardhorende kinders
3. Blinde kinders
4. Swaksiende kinders
5. Epileptiese kinders
6. Serebraal-verlamde kinders
7. Liggaamlik-gestremde kinders
8. Kinders wat ly aan n gebrek en wat deur die Minister, in oorleg met die Administrateurs, aangewys word as gestremde kinders vir wie voorsiening kragtens die Wet op Onderwysdienste gemaak moet word. 8)

Kinders wat buitengewone onderwys ontvang, kan dit op n voltydse of n deeltydse basis doen en die skole waarby hulle ingeskryf is, kan òf volle staatskole òf staatsondersteunde skole wees. 9) Die meerderheid van die spesiale skole onder die Departement se beheer was nog al die jare, en is vandag nog, staatsondersteunde skole. Die eerste staatskool is eers so laat as 1950 in die lewe geroep en tans is daar maar vier staatsbeheerde spesiale skole teenoor twintig staatsondersteunde spesiale skole.

---

7) Artikel 1(ix).

8) Wet op Onderwysdienste, 1967, Bylae 1.

9) Wet op Onderwysdienste, 1967, artikel 1(xxvii).

## B. BUITENGEWONE ONDERWYS VOOR 1925.

Buitengewone onderwys in Suid-Afrika het inderdaad met n agterstand begin - die eerste skool vir gestremde kinders is twee honderd jaar na die eerste skool vir normale kinders gestig! Dit was toe die Dominikaanse Grimley-skool in 1863 as n skool vir dowes in Kaapstad begin is deur 6 Ierse Dominikaanse susters onder leiding van Biskop Grimley. Die skool het aanvanklik bekend gestaan as die "Grimley Institute for the Deaf and Dumb"<sup>10)</sup> en is begin as n liefdadigheidsonderneming. Vanaf 1900 het die Kaapse Onderwysdepartement begin om die skool finansieel by te staan deur die helfte van die onderwyspersoneel se salarisse te betaal.<sup>11)</sup>

Bogenoemde baanbrekersdaad is opgevolg deur die N.G. Kerk, van wie die inisiatief uitgegaan het vir die stigting van die "Doofstom- en Blinder Instituut" op Worcester in 1881. Die skool het op heeltemal beskeie wyse met een blinde leerling in n gehuurde kamer van n private woning begin.<sup>12)</sup> Die instituut het egter vinnig gegroei en is in 1905 geskei in twee aparte, selfstandige inrigtings, die Skool vir Blindes en die Skool vir Dowes.<sup>13)</sup>

Na die stigting van die Grimley- en Worcester-skole, is die volgende skole vir blindes en dowes opgerig:

1. Die Klooster skool vir Dowes te King Williamstown. Hierdie skool het as n privaat-onderneming in 1886 begin. In 1934 is dit egter na Johannesburg oorgeplaas waar dit met n klein skooltjie in die St. George Kerkgebou saamgesmelt het om die St. Vincent Skool vir Dowes te vorm. Die skool het in 1949 n staatsondersteunde spesiale skool geword.<sup>14)</sup>

10) Die gebruik het later ontstaan om skole vir "doofstommes" te herbenoem na skole vir "dowes", na gelang die tegnieke bemeester is om doofstommes te leer om hulle spraak te gebruik.

11) Verslag van die Inter-departementele komitee oor afwykende kinders (U.G. 30-1945), p.4.

12) Biesenbach. Die Blinde-Instituut te Worcester. n Historiese en teoretiese studie, p.47.

13) Verslag van die Konferensie oor die onderwys van blindes en swaksindes, Worcester, 1964, p.2-3.

14) Suster Ligouri. St. Vincent Skool vir Dowes. Rehabilitasie in Suid-Afrika, Junie 1972 (Vol. 16 No. 2), p.59.

2. Skole vir nie-blanke dowes en blindes te Bellville, Kaapstad en Worcester.<sup>15)</sup>

In 1921 het die Unie-Onderwysdepartement hom vir die eerste keer op die gebied van buitengewone onderwys begewe toe hy 'n amptenaar benoem het wat verantwoordelik sou wees vir die organisasie van onderwysgeriewe vir swaksinnige kinders en vir die administratiewe en inspeksiedienste in verband met die Kinderbeskermingswet van 1913 (Wet No. 25 van 1913).<sup>16)</sup>

In 1925 word in die verslag van die Hofmeyr-onderwys-kommissie gemeld dat die vernaamste inrigting in die Unie vir die onderwys van blindes en doofstommes die skool te Worcester is, met 180 leerlinge.<sup>17)</sup> Afgesien van twee klein skole vir dowes, één waarvan verbonde aan die St. Mary's klooster van die Sacred Heart te Kingwilliamstown (ook deur die Provinsiale Administrasie ondersteun), was die skool te Worcester in hierdie stadium die enigste van sy soort in die Unie.<sup>18)</sup>

Dit is interessant om te let op die basis van subsidiëring wat in hierdie stadium (dit wil sê pas voor oornam deur die Unie-Onderwysdepartement) deur die Provinsiale Administrasie toegepas is.

Die subsidiëring is naamlik gedoen op die basis van:

1. £50 tot die salaris van die superintendent;
2. £21 hoofdelike toelae vir elke leerling wat behoeftig is en nie kan betaal nie;
3. die helfte van die onderwysers se salarisse.

In hierdie stadium was die besoldiging en pensioen van die onderwysers volgens bogenoemde verslag op 'n laer skaal as dié van onderwysers in gewone dagskole, ofskoon die werk moeiliker was en 'n hoër trap van spesiale opleiding veronderstel het.<sup>19)</sup>

---

15) U.G. 30-1945, p.5.

16) Ibid., p.7.

17) Hofmeyr-verslag, par. 22.

18) Ibid., par. 24.

19) Ibid., par. 22.

Hierdie subsidiebasis het nog 'n swaar finansiële las op die inrigting gelaat, wat des te meer besef word wanneer dit vergelyk word met toestande vandag, in aanmerking genome dat meer as negentig persent van hierdie soort inrigtings se uitgawes deur die Staat gedek word.<sup>20)</sup>

Selfs nadat die Administrasie na die £-vir-£-subsidiebasis oorgeskakel het, was die subsidie blykbaar nog ontoereikend en het die skool te Worcester daarvoor gekla. Dit was dan ook met groot verligting dat die skool verneem het dat die Unie-Onderwysdepartement die finansiële verantwoordelikheid vir hierdie skool by die provinsies sou oorneem.<sup>21)</sup>

#### C. BUITENGEWONE ONDERWYS NA OORNAME DEUR DIE UNIE-ONDERWYSDEPARTEMENT IN 1925.

##### 1. Die oorname.

Vanaf 1 April 1925 het die Unie-Onderwysdepartement die finansiële verantwoordelikheid, sover dit subsidiëring betref, van die provinsiale owerhede oorgeneem. Spesiale skole is nie oorgeneem in dieselfde sin as die beroepsskole nie, want daar was geen staatskole by die oorname nie, maar slegs staatsondersteunde skole. Die subsidiëring het nietemin onder sekere voorwaardes geskied wat 'n sekere mate van regeringsbemoëienis meegebring het.

'n Gunstiger basis van subsidiëring vir spesiale skole het vanaf 1 April 1926 in werking getree; vanaf hierdie datum sou die subsidie soos volg wees:

- a. Twee derdes van alle goedgekeurde salarisse;
- b. £-vir-£ ten opsigte van rente en aflossingsgelde op goedgekeurde lenings of van huurgelde;
- c. £-vir-£ ten opsigte van alle ander goedgekeurde uitgawes; en
- d. 'n onderhoudstoelaag van £21 per jaar vir elke goedgekeurde leerling.<sup>22)</sup>

20) Vergelyk die jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.23.

21) Biesenbach, op.cit., p.111.

22) Ibid., p.575.

Vanaf 1 April 1928 het nog gunstiger subsidiëring gevolg, wat o.a. die volgende behels het:

- a. Die Unie-Onderwysdepartement sou die volle salarisse van die skoolpersoneel betaal;
- b. die staatsdienspensioenregulasies het van toepassing geword op die skoolpersoneel;
- c. ouer lede van die skoolpersoneel op wie die regulasies nie van toepassing was nie sou ook deur die Departement tegemoet gekom word betreffende pensioen.<sup>23)</sup>

Die bogenoemde basis van subsidiëring het vir 25 jaar onveranderd gebly en is eers in 1952 deur n nuwe vervang.

2. Wet No. 29 van 1928 bring meer eenvormigheid in die beheer oor spesiale skole.

Die Wet op Beroepsonderwys en Spesiale Skole (Wet No. 29 van 1928) het n dubbele doel gedien, soos die titel ook aandui: dit het eerstens voorsiening gemaak vir beter kontrole en administrasie van beroepsonderwys en tweedens het dit in n groot leemte voorsien wat die onderwys vir gestremdes betref.

Dié Wet het ook n einde gemaak aan die toestand van besluiteloosheid ten opsigte van die onderwys vir kinders met verstandelike en liggaamlike gebreke.<sup>24)</sup> Vir die eerste keer is daar nou statutêre voorsiening daarvoor gemaak dat die Regering self spesiale skole kon instel en administreer of ander spesiale skole kon subsidieer.<sup>25)</sup> Eintlik het n de facto situasie nou in n sekere sin n de jure situasie geword, want die Unie-Onderwysdepartement het reeds sedert 1925 die finansiële verantwoordelikheid vir hierdie skole aanvaar.

Die skole wat sedert 1925 tot in hierdie stadium deur die Departement gesubsidieer is, was:

---

23) Ibid., p.575-577.

24) U.G. 30 - 1945, p.9. Vergelyk ook Smuts, op.cit., p.93.

25) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1927, p.65.

Skool vir Blindes, Worcester

Skool vir Dowes, Worcester

Die Grimley-skool vir Dowes, Kaapstad.

Die Kloosterskool vir Dowes, Kingwilliamstown.<sup>26)</sup>

Later het nog n skool, dié te Athlone, Kaapprovinsie, bygekom. Bogenoemde skole was almal privaatskole maar ten opsigte van die Worcester-skole is n uitsondering gemaak in dié opsig dat die Departement sekere voorwaardes ten opsigte van verteenwoordiging in die skoolkomitees en die diensvoorwaardes van die personeel gestel het.<sup>27)</sup>

Die voorwaardes wat die Departement gestel het, was soos volg:

- a. Die inrigting sal mutatis mutandis n deel uitmaak van die nasionale stelsel van beroepsonderwys.
- b. Die Minister benoem twee lede van die skoolbestuur.
- c. Sekere voorskrifte is gestel in verband met die vergaderings van die bestuur.
- d. Geouditeerde state van inkomste en uitgawes moet aan die Departement voorgelê word.
- e. Die skoolpersoneel sal deur die skoolbestuur aangestel word onderhewig aan die goedkeuring van die Minister.
- f. Die diensvoorwaardes van die skoolpersoneel sal deur die Departement bepaal word.
- g. Die Departement sal inspeksie van die inrigting onderneem en indien die bevindinge nie bevredigend is nie, sal die subsidie verminder word.<sup>28)</sup>

Uit bogenoemde voorwaardes is dit opvallend dat die Departement ingrypende magte ten opsigte van die betrokke skole gekry het, al het hy self nie die skooladministrasie behartig nie.

---

26) Ibid., p.65-66.

27) Ibid., p.66.

28) Biesenbach, op.cit., p.576-577.



Die nuwe bedeling het goeie vrugte opgelewer want ons lees van die "enorme groei en ontwikkeling van die Doofstommen- en Blinde-Instituut (te Worcester) sedert 1 April 1928."<sup>29)</sup>

Die "oorneem" van die genoemde spesiale skole en die opvolging daarvan deur die ingebruikneming van Wet No. 29 van 1928 het die beskeie begin gevorm van 'n nuwe en meer doeltreffende stelsel van buitengewone onderwys. Die woorde van die destydse Sekretaris van Unie-Onderwys was soos volg in hierdie verband:

"These schools are intended to form the nucleus of a national system of special education for physically and mentally defective children, which it is proposed to develop with the powers given by the Act."<sup>30)</sup>

Wet No. 29 van 1928 het 'n gunstiger bedeling vir spesiale skole ingelui. Meer aandag is nou ook aan die versorging van gestremde kinders geskenk; in November 1928 is 'n inter-departementele komitee insake swaksinnigheid in die lewe geroep en in die volgende jaar is twee rade aangestel: die Nasionale Raad vir Doves en die Nasionale Raad vir Blindes. Die aanstelling van genoemde twee rade was inderdaad 'n wyse stap want in 1945 rapporteer die Inter-departementele komitee oor afwykende kinders dat dié Rade baie bygedra het tot die verbetering van die onderwys vir blindes en doves deur hulle inisiatief en voortdurende vertoë tot die Regering.<sup>31)</sup>

Die genoemde komitee insake swaksinnigheid wat in 1930 verslag gedoen het, het 'n probleem probeer oplos wat nie deur Wet No. 29 van 1928 opgeklaar is nie. Dit het naamlik aanbeveel dat die Unie-Onderwysdepartement verantwoordelik moet wees vir kinders wat weens swak verstandsvermoëns nie in die gewone klasse tereg kan kom nie.<sup>32)</sup> Hierdie aanbeveling is egter nie ten uitvoer gebring nie en die onsekerheid oor wie vir die onderwys van verstandelik-gestremdes verantwoordelik moet wees, het voortgeduur.

---

29) Ibid., p.577.

30) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1927, p.66.

31) U.G. 30 - 1945, p.12.

32) Ibid., p.10.

Die wetgewing van 1928 het die ontstaan van 'n aantal spesiale skole tot gevolg gehad soos die Hope Tehuis vir kreupeles in Johannesburg; die Meerhof-skool; die Isipingo Strand-skool, die Opelugskool in Durban en die Jan Kriel-skool vir epileptici te Kuilsrivier.<sup>33)</sup>

In 1934 het 'n amptenaar van die Unie-Onderwysdepartement daarop gewys dat die toestand met betrekking tot buitengewone onderwys in Suid-Afrika onbevredigend is.<sup>34)</sup> Drie jaar later het die Sentrale Regering egter stappe gedoen om eerstens te verseker dat kinders wat daarvoor gekwalifiseer het in staat gestel word om die voordeel van die beskikbare fasiliteite met betrekking tot buitengewone onderwys te geniet en tweedens om die verdeling van die beheer oor buitengewone onderwys op 'n vaste basis te plaas. Dié stappe was die volgende:

a. Wetgewing is aangeneem<sup>35)</sup> wat ouers verplig het om 'n kind wat weens liggaamlike, verstandelike, of gedragsafwykings en -tekortkominge nie in staat is om voldoende voordeel te trek uit die onderrig en opleiding wat aan gewone skole verskaf word nie, by 'n spesiale skool te laat inskryf.<sup>36)</sup>

b. Na aanleiding van die aanbevelings van die Provinsiale Adviserende Komitee is ooreengekom -

(1) dat die provinsiale onderwysdepartemente in die toekoms verantwoordelik sal wees vir die onderwys van subnormales en nie-sertifiseerbare swaksinniges, hardhorendes, swaksigtiges, en kreupel kinders, insluitende hartlyers;

(2) dat die Unie-Onderwysdepartement steeds verantwoordelik sal bly vir die onderwys van dowes, blindes en epileptici; en

---

33) Behr en MacMillan, op.cit., p.313.

34) Van Schalkwyk. Special Education for handicapped children in the United States and in Canada, p.117.

35) Kinderwet, 1937 (Wet No. 31 van 1937).

36) Vide die bepalings van die Kinderwet van 1937.

- (3) dat die Unie-Onderwysdepartement aan die provinsiale administrasies n spesiale per kapita-toelae sal toeken, gelykstaande aan die helfte van die addisionele koste bo dié van gewone onderwys.<sup>37)</sup>

Uit hierdie reëlings het voortgevloei dat die provinsiale onderwysdepartemente vir die onderwys van verstandelik-gestremdes en kreupeles verantwoordelik sou wees. Die onderwys van kreupel kinders is later deur die sentrale onderwysdepartement oorgeneem, dog die onderwys van verstandelik-gestremde kinders ressorteer vandag nog onder die provinsies.

In 1937 is n nuwe soort skool vir liggaamlik-gestremdes geopen toe die Jan Kriel-skool vir Epileptici deur ds. en mev. Kriel te Kuilsrivier in die Kaapprovinsie begin is.<sup>38)</sup>

n Klompie jare later (1946), net na afloop van die Tweede Wêreldoorlog, is die Liggaamlike Opvoedingsbrigade vanaf die Departement van Verdediging na die Unie-Onderwysdepartement oorgeplaas. Dié inrigting sou voortaan as "suiwer opvoedkundige inrigting" belas wees met die spesiale taak om seuns tussen 12 en 17 jaar, wat aan sekere herstelbare liggaamsgebreke ly, liggaamlik te rehabiliteer.<sup>39)</sup> Hierdie skool was dus nog n toevoeging tot die skole vir liggaamlik-gestremdes.

In 1942 is n inter-departementele komitee opdrag gegee om n opname te maak van die aantal afwykende kinders in die Unie, asook om op sekere aspekte van hierdie aangeleentheid in te gaan. Die bevindinge en aanbevelings van hierdie komitee, die Inter-departementele komitee oor afwykende kinders, wat in 1945 verslag gedoen het, het gelei tot die ontstaan van die Wet op Buitengewone Onderwys van 1948.<sup>40)</sup>

3. Die beheer oor buitengewone onderwys word verstewig na die inwerkingtreding van Wet No. 9 van 1948.

Voor 1948 is gestremde kinders behandel ingevolge Wet No. 29 van 1928, of in die geval van gedragsafwykinge ingevolge

37) U.G. 30 - 1945, p.11-12.

38) Ibid., p.14.

39) Jaarverslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1946 - 1947, p.14.

40) Wet No. 9 van 1948.

die Kinderwet van 1937. Volgens die Sekretaris van Onderwys in sy jaarverslag van 1948, het albei genoemde wette egter tekortkomings gehad wat die behandeling van die gestremde kind nadelig getref het.<sup>41)</sup> Vanweë hierdie leemtes en ander vraagstukke in verband met afwykende kinders is n inter-departementele komitee gedurende die veertigerjare aangestel om ondersoek in te stel insake die onderwys van afwykende kinders in die Unie. Die Komitee het n deurtastende ondersoek ingestel en in 1945 verslag gedoen.<sup>42)</sup> Nie alleen het die Komitee heelwat aanbevelings gedoen insake n groot verskeidenheid van aspekte rakende afwykende kinders nie maar hy het ook n konsepwetsontwerp opgestel wat n nuwe wet op buitengewone onderwys (Wet No. 9 van 1948) tot gevolg gehad het.

Die Komitee was die mening toegedaan dat wetgewing rakende buitengewone onderwys geskei moet word van wetgewing rakende beroepsonderwys (op daardie stadium was die bestaande wetgewing oor hierdie twee soorte onderwys gekombineer in Wet No. 29 van 1928). Hy het sy standpunt soos volg gemotiveer:

- "(a) Buitengewone onderwys vertoon meer verskil- as ooreenkomspunte met beroepsonderwys.
- (b) Die aard en die strekking van Wet No. 29 van 1928 toon duidelik dat dit in eerste instansie opgestel is om aan die vereistes van beroepsonderwys te voldoen.
- (c) Terwyl die bepalings oor buitengewone onderwys in die bestaande Unie-wet ook die provinsies affekteer, is dit nie die geval met die bepalings oor beroepsonderwys nie.
- (d) Die groot meerderheid van beroepskole is deur die staat self opgerig. Aan die ander kant, is daar geen enkele spesiale skool wat deur die Unie-Onderwysdepartement self, ingevolge die bestaande wetgewing, opgerig is nie."<sup>43)</sup>

Ingevolge artikel 3(4) van die Wet van 1948 kan die Minister of Administrateur spesiale skole goedkeur en wanneer goedkeuring verleen word, kan voorwaardes gestel word in verband met die kwalifikasies van die onderwysers, die diens-

---

41) Report of the Secretary for Education, Arts and Science, 1948, p.4.

42) Verslag van die Inter-departementele Komitee oor afwykende kinders (U.G. 30-1945).

43) Ibid., p.260.

voorwaardes van onderwysers, die metode en medium van onder-  
rig, die erkenning van die geloofsoortuiging van die ouers,  
en in die algemeen met betrekking tot die voorsiening van die  
soort van spesiale onderwys wat beoog word. Verder word be-  
paal dat n hulptoelaag aan so n goedgekeurde spesiale skool  
betaal mag word onder sodanige voorwaardes as wat by regula-  
sies voorgeskryf mag word.<sup>44)</sup>

n Goedgekeurde skool kan ook met die toestemming van  
die bestuur deur die Minister of Administrateur oorgeneem word  
onderworpe aan sekere voorwaardes. Dit sal dan n spesiale  
staatskool of n provinsiale spesiale skole wees.<sup>45)</sup>

Uit bogenoemde gegewens blyk dit dat daar n sekere mate  
van dubbelslagtigheid ten opsigte van die beheer van spesiale  
skole is; die goedkeuring, subsidiëring of oornome kan deur  
of die Staat (Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap)  
of n provinsiale owerheid gedoen word. Dié reëling is verder  
gevoer in n Wysigingswet van 1951 ingevolge waarvan die pro-  
vinsies beheer oor gesertifiseerde subnormale kinders en die  
Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap beheer oor gekome-  
mitteerde subnormale kinders verkry het.<sup>46)</sup>

Tot 1950 was daar net staatsondersteunde spesiale skole  
onder die beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en  
Wetenskap. Die grootste deel van hierdie skole se inkomste  
het dan ook van staatsweë gekom: Die Unie-regering het twee  
derdes van hulle kapitale koste bygedra; van twee derdes tot  
die volle koste van salarisse, asook die helfte van alle ge-  
magtigde uitgawes. Losiestoelaes is ook betaal aan behoef-  
tige kinders.<sup>47)</sup>

In 1952 het n nuwe subsidieformule ten opsigte van staats-  
ondersteunde spesiale skole in werking getree. Die nuwe for-  
mule is op die volgende basis vasgestel:

---

44) Wet No. 9 van 1948, artikel 3(5) en (6).

45) Wet No. 9 van 1948, artikel 4.

46) Wet No. 15 van 1951.

47) Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika, 1948, p.357.

- a. Die volle salarisse en toelaes van goedgekeurde onderwyspersoneel;
- b. twee-derdes van die salarisse, lone en toelaes van ander goedgekeurde personeel;
- c. n onderhoudstoelae van hoogstens £40 per jaar per blanke en £23 per jaar per nie-blanke behoeftige leerling wat in n skoolkoshuis loseer of dié mindere toelae wat die Departement bepaal na gelang daarvan of die ouers na sy mening kan bydra;
- d. die volle vervoerkoste van behoeftige inwonende leerlinge en hulle begeleiers by toelating en ontslag gedurende Julie- en Desembervakansies of n gedeelte van die koste na gelang daarvan of die ouers na die Departement se mening sodanige gedeelte kan bydra;
- e. die volle vervoerkoste van behoeftige nie-inwonende dagleerlinge of n gedeelte daarvan as die ouers self sodanige gedeelte na die Departement se mening kan bydra;
- f. 50 persent van ander goedgekeurde uitgawe;
- g. twee-derdes van die koste van goedgekeurde geboue, met inbegrip van veranderings aan bestaande geboue, argiteksgelde, opmetingsgelde, die verkryging van terreine vir geboue en die omheining daarvan, rente op en delging van goedgekeurde private of staatslenings en huurgelde, mits n skool sy eie bydrae van een derde beskikbaar het voordat die Regering sy aandeel bydra. Ondanks die voorgaande kan die Departement die toekenning wat ooreenkomstig hierdie basisse bereken word, verminder met enige ander bedrag wat die Regering van die skool ontvang.<sup>48)</sup>

Hierdie subsidieformule het, soos opgemerk kan word, ruim voorsiening gemaak vir staatsondersteuning en het tot in 1966 van krag gebly.

---

48) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1953-1954, p.14.

Op 1 April 1950 het die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap die eerste drie spesiale staatskole vir liggaamlik-afwykendes kragtens die Wet op Spesiale Skole te Kimberley gestig. Waar die spesiale skole vir blindes, dowes en epileptici voorheen staatsondersteunde skole was, was hierdie drie skole die eerste spesiale skole wat ten volle deur die Staat beheer en onderhou is.<sup>49)</sup> Weens reorganisasie is daar later met een van hierdie skole weggedoen sodat op 1 April 1954 slegs die volgende twee skole (albei te Kimberley) oorgebly het:<sup>50)</sup>

Elizabeth Conradie-skool

Hoër Beroepskool vir Liggaamlik-afwykendes.<sup>51)</sup>

Die jare wat gevolg het is gekenmerk deur uitbreiding en konsolidering. Inskrywings het toegeneem, bestaande skole is vergroot en nuwes is gestig.<sup>52)</sup>

Geskiedenis is gemaak toe die eerste staatsondersteunde spesiale skool in 1954 gestig is ten opsigte waarvan die Regering ook stigtersinisiatief geopenbaar het. Dit was toe die Trans-Oranje-skool vir Dowes in Pretoria op 1 April met 12 leerlinge in die kleuterafdeling begin het. Daar was 'n groot behoefte vir die stigting van so 'n skool in die Noorde omdat die Skool vir Dowes te Worcester vir jare lank die enigste skool van sy aard vir Afrikaanssprekende leerlinge was.<sup>53)</sup> 'n Jaar later (1955) is drie skole vir serebraalverlamde kinders deur die Departement as staatsondersteunde skole erken:

---

49) Ibid., p.17.

50) Ibid.

51) Hierdie skool het uit die Liggaamlike Opvoedingsbrigade ontstaan wat vroeër onder die Departement van Verdediging geressorteer het en wat op 1 April 1946 deur die Unie-Onderwysdepartement oorgeneem is.

52) Behr en MacMillan, op.cit., p.316.

53) Die Trans-Oranje-skool vir Dowes in Pretoria, Die Staatsamptenaar, (September 1956), p.33. Vergelyk ook die Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1953-1954, p.12.

- a. Die Kaapse Skool vir Serebraal Verlamde Kinders, Kaapstad.
- b. Die Pretoriase Skool vir Serebraalkreupeles, Pretoria.
- c. Die Forest Town-skool en behandelingsentrum vir spastici, Johannesburg.<sup>54)</sup>

In 1958 is die derde spesiale staatskool gestig, t.w. die Alexanderfonteinskool vir epileptiese kinders te Kimberley. Twee jaar later is die Hoër Beroepskool vir Seuns egter gesluit. n Gedeelte van die vakopleiding is na die Elizabeth Conradie-skool oorgeplaas sodat dié skool na dese derhalwe voorsiening gemaak het vir akademiese sowel as vakopleiding vir liggaamlik-afwykende seuns en dogters.<sup>55)</sup>

n Wysigingswet in 1960 het dit moontlik gemaak om buitengewone onderwys vir nie-blankes vanaf die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap na die Departemente van Kleurlingsake en Bantoe-onderwys oor te dra.<sup>56)</sup> Gevolglik is die verantwoordelikheid vir Bantoes in 1961 na die Departement van Bantoe-Onderwys en dié vir Kleurlinge en Asiate ook in dieselfde jaar na die Departement van Kleurlingsake oorgeplaas. Buitengewone onderwys vir Asiate is later na die nuutgestigte Departement van Indiërsake oorgeplaas.<sup>57)</sup>

Nuwe subsidieformules vir inrigtings wat deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap gesubsidieer word, het in 1966 in werking getree. Staatsondersteunde skole vir buitengewone onderwys het finansiële baie gebaat by die verbetering van die subsidiegrondslag. Die subsidie het die volgende behels:

- 
- 54) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1955, p.13.
  - 55) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1960, p.9.
  - 56) Wet No. 45 van 1960.
  - 57) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1966, p.11.



- 100 persent-subsidie van die salarisse van blanke personeel;
- 100 persent-subsidie op leermiddele;
- 90 persent op alle geboue en uitrusting;
- 75 persent op alle ander uitgawes; en
- 100 persent op die vervoer na en van die skool van alle dagskoliere.<sup>58)</sup>

Dieselfde subsidieformule was in 1971 nog in werking volgens die jaarverslag van die Sekretaris vir dié jaar.<sup>59)</sup> Die volledige formule word in bylae V weergegee. Hierdie basis van subsidiëring was 'n groot verbetering op die vorige een en het die Staat se bydrae tot meer as negentig persent opgestoot.<sup>60)</sup>

#### D. ENKELE ASPEKTE VAN DIE WET OP ONDERWYSDIENSTE, 1967 MET BETREKKING TOT BUITENGEWONE ONDERWYS.

##### 1. Verklaring van inrigtings tot ondersteunde skole.

Die Minister van Nasionale Opvoeding kan sekere inrigtings wat hoër onderwys verskaf tot ondersteunde skole verklaar.<sup>61)</sup> Aangesien buitengewone onderwys ook vir die doeleindes van die grondwet van die Republiek as hoër onderwys geag word, kan inrigtings wat bona fide buitengewone onderwys verskaf derhalwe by die Departement van Nasionale Opvoeding aansoek doen om tot staatsondersteunde spesiale skole verklaar te word ten einde vir 'n hulptoelae van staatsweë in aanmerking te kom. 'n Ondersteunde spesiale skool moet ook sekere voorwaardes nakom terwyl hy 'n subsidie ontvang anders word dit opgeskort. Bestuursliggame van hierdie skole kan ook vir lenings toegestaan deur die staat in aanmerking kom, onderhewig aan sekere voorwaardes.<sup>62)</sup>

---

58) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1966, p.11.

59) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.3.

60) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1968, p.23.

61) Wet op Onderwysdienste, 1967 (Wet No. 41 van 1967), artikel 5(1).

62) Artikel 5(4).

Die instandhouding, bestuur en beheer van staatsondersteunde spesiale skole kan ingevolge artikel 6(1) van die Wet aan die Regering oorgedra word. Hierdie bepaling maak voorsiening vir die oornome van staatsondersteunde spesiale skole as volle staatskole.

## 2. Diensvoorwaardes van personeel by staatsondersteunde skole.

Die diensstaat by n staatsondersteunde spesiale skool word deur die Minister bepaal. Die Minister het verder ook die bevoegdheid om n persoon by so n skool aan te stel, om sy salaris en salarisskaal te bepaal, om hom te bevorder, oor te plaas of te ontslaan. Kortom, alle diensvoorwaardes van persone in diens by hierdie skole word deur die Minister bepaal.<sup>63)</sup>

## 3. Inspeksie.

Die Sekretaris van Nasionale Opvoeding, of iemand deur hom daartoe gemagtig, kan n staatsondersteunde spesiale skool (sowel as n departementele skool uit die aard van die saak) inspekteer met betrekking tot alle aangeleenthede rakende die toelating en versorging van leerlinge, die verskaffing van onderwys, die geboue en koshuise, die uitrusting en voorrade, die finansies van n ondersteunde skool, asook enige stukke en aangeleenthede wat hy nodig ag.<sup>64)</sup>

## 4. Bevoegdhede van die Departement van Nasionale Opvoeding met betrekking tot gestremde kinders.

Die Sekretaris van Nasionale Opvoeding kan n kind wat ingevolge die een of ander wetsbepaling aan skoolplig onderworpe is en nie n spesiale skool bywoon nie, en wat, na hy vermoed, n gestremde kind is, laat ondersoek. Die ouer kan wel na die Minister appelleer indien hy nie saamstem dat die kind n gestremde kind is nie. Indien egter finaal deur die

---

63) Artikel 18(1).

64) Artikel 34(1).

Minister beslis word dat die kind n gestremde kind is, is die ouer verplig om die kind na n spesiale skool te stuur. Sou die ouer egter in gebreke bly om dit te doen, kan die Sekretaris die kind, na die verstryking van n vasgestelde tyd, na n spesiale skool laat neem.<sup>65)</sup>

##### 5. Samevatting.

Die Wet op Onderwysdienste, 1967 (Wet No. 41 van 1967) het alle vorige wetgewing rakende buitengewone onderwys vervang, dit wil sê, die Wet op Buitengewone Onderwys, 1948 (Wet No. 9 van 1948), asook die wysigingswette op buitengewone onderwys wat in 1951, 1960 en in 1961 uitgereik is.<sup>66)</sup>

Uit die bepalings in Wet No. 41 van 1967 rakende buitengewone onderwys, waarvan sommige kortliks vermeld is, blyk die volgende:

- a. Daar is n duidelike omskrywing en afbakening van begrippe soos "buitengewone onderwys", "spesiale skool" en "gestremde kind", sodat die funksieverdeling van die Departement van Nasionale Opvoeding enersyds, en die provinsiale onderwysdepartemente andersyds, weinig onsekerheid laat. Die status quo in soverre dit die onderwys van verstandelik-gestremdes betref, is deur die Wet onveranderd gelaat: dit bly die verantwoordelikheid van die provinsies.
- b. Die Wet maak voorsiening vir die instelling van spesiale skole, asook die oornome van die bestuur, beheer en instandhouding van staatsondersteunde spesiale skole. Die realisering van die bepalings van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1967 (Wet No. 39 van 1967) sover dit buitengewone onderwys aangaan, word hierdeur moontlik gemaak.
- c. Daar bestaan geen twyfel dat die Wet voorsiening maak vir ferme beheer deur die Staat oor al die skole wat buitengewone onderwys verskaf nie. Sodoende word ook

65) Artikel 36(1)9(4).

66) Wet No. 41 van 1967, Bylae 3.

verseker dat die onderrig in spesiale skole binne die raamwerk van 'n nasionale onderwysbeleid geskied. Benewens die bevoegdheids ingevolge die Wet aan hom verleen, het die Minister ook die mag om regulasies rakende 'n wye verskeidenheid aangeleenthede met betrekking tot buitengewone onderwys uit te vaardig wat ook op die staatsondersteunde skole bindend is.

- d. Alhoewel baie van die bepalings van Wet No. 41 van 1967 rakende buitengewone onderwys bloot 'n herbevestiging van vorige wetgewing in hierdie verband is, het dit tog nou 'n nuwe perspektief gekry in die breë konsep van 'n nasionale onderwysbeleid. Waar die Inter-departementele Komitee oor afwykende kinders in 1945 hom daarvan oortuig gevoel het dat wetgewing insake buitengewone onderwys van dié insake beroepsonderwys geskei moet wees, het dit in 1967, in 'n veranderde onderwyspatroon, wenslik geblyk te wees om wetgewing rakende alle onderwysdienste in een wet saam te snoer.
- e. Uit die bepalings van Wet No. 41 van 1967 in die geheel gesien, is dit ook duidelik dat die Departement van Nasionale Opvoeding slegs vir die onderwys van liggaamlik-gestremdes verantwoordelik is. Sy funksies begin by skooltoelating en eindig by skoolverlating. Dit dien gemeld te word dat die Departement van Arbeid die opneem van gestremdes in die beroepswêreld behartig deur middel van sy uitgebreide rehabiliteringsdiens.<sup>65)</sup>

## E. SKOLE WAT BUITENGEWONE ONDERWYS VERSKAF.

### 1. Inleiding.

Wanneer van buitengewone onderwys en spesiale skole gepraat word, moet daarop gelet word, soos ook in Afdeling A aangedui is, dat spesiale skole vir verstandelik-gestremde kinders buite rekening gelaat word. Hierdie soort skole is die verantwoordelikheid van die provinsiale onderwysdepartemente en die Departement van Nasionale Opvoeding het niks daarmee te doen nie.

65) Redaksioneel. Rehabilitasie van gestremde persone. Rehabilitasie in Suid-Afrika, Junie 1971 (Vol. 15 No. 2), p.41.

Sover dit die onderwys vir verstandelik-gestremde leerlinge betref, maak die provinsiale onderwysdepartemente voorsiening vir spesiale klasse in die primêre skole vir leerlinge wat, afgesien van hulle verstandelike gebreke, fisies normaal is. Hulle het hulle eie spesiale sillabusse, hulle eie spesiaal opgeleide onderwysers, asook hulle eie eksamens. Na voltooiing van st. 5, of in sommige gevalle aan die einde van die jaar waarin hulle 13 word, word hulle na spesiale sekondêre skole gestuur waar hulle 'n algemene opleiding met 'n sterk beroepsgerigte strekking ontvang. Sommige van hierdie spesiale skole het ook 'n volle primêre afdeling.<sup>66)</sup>

Daar is egter ook provinsiale spesiale skole vir kinders met gedragsafwykinge. Nou mag dit lyk asof hierdie soort skole dalk die eweknie van die nywerheidsskole is; die verskil is egter dat die gedragsafwykende kinders in hierdie skole nie gekommitteerde kinders, dit wil sê Kinderwet-gevalle is nie, terwyl dit in die nywerheidsskole wel die geval is.

In die gewone provinsiale skole word daar voorsiening gemaak vir remediëringsdienste aan semi-gestremde leerlinge, soos byvoorbeeld die hardhorendes en diegene met spraakprobleme, hoofsaaklik deur die werk van terapeute, maar daar is ook spesiale sentrums waarheen sulke kinders periodiek gestuur word.<sup>67)</sup> Met ander woorde daar is wel provinsiale spesiale skole wat spesiaal voorsiening vir liggaamlik-afwykende kinders maak. In die verslag van amptenare van die Transvaalse Onderwysdepartement oor 'n sending na oorsese lande, word spesiaal hiervan melding gemaak. Daar word byvoorbeeld spesifiek verwys na twee sodanige skole, t.w. die Hope Homes skool vir ortopediese gevalle en die Meerhof-skool vir kardiakgevalle en vir ander ernstige liggaamlik-afwykendes. Albei dié skole is in Transvaal.<sup>68)</sup> In die genoemde verslag word voorts gemeld dat daar ook op die gebied van spesiale onderwys ver-

---

66) Human Sciences Research Council. Education in the Republic of South Africa, p.15-16.

67) Ibid., p.32.

68) Transvaalse Onderwysdepartement. Verslag van 'n sending na oorsese lande, Deel I: Die grondwetlike beheer oor die onderwys, p.97.

deling van beheer op die junior en sekondêre vlak bestaan. In hierdie verband kwalifiseer die verslag die probleem wat uit hierdie situasie voortvloei, soos volg:

"Allerlei vrae ontstaan dan ook op die gebied van die spesiale onderwys, naamlik:

- (a) Wanneer is n leerling hardhorend en wanneer is hy doof?
- (b) Wanneer is n leerling swaksigtig en wanneer is hy blind?

As al hierdie vorms van onderwys onder een en dieselfde beheer val, sal bogenoemde vrae, ten opsigte van die klassifikasie van leerlinge baie minder moeilikhede oplewer as tans, omdat dit dan slegs ten opsigte van die afdeling van n bepaalde spesiale skool waarin n leerling geplaas moet word, beantwoord moet word en nie ook nog ten opsigte van die departement waarheen die leerling moet gaan nie."<sup>69)</sup>

In ooreenstemming met die nasionale onderwysbeleid en ooreenkomstig die bedoeling van artikel 2 van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1967 (Wet No. 39 van 1967), is daar reeds n begin gemaak met die oornome van sekere spesiale skole vanaf die provinsiale onderwysdepartemente. Die flussies genoemde twee spesiale skole (die Meerhof-skool en die Hope Homes Skool) is onder andere byvoorbeeld in 1969 deur die Departement van Hoër Onderwys oorgeneem - eersgenoemde as n departementele skool en laasgenoemde as n staatsondersteunde skool.<sup>70)</sup> Dit moet gesien word as n poging van die Regering om die beheer oor buitengewone onderwys onder die Departement van Nasionale Opvoeding te sentraliseer en om sodoende die probleme spruitend uit die verdeelde beheer oor buitengewone onderwys, soos vermeld by monde van die genoemde oorsese sending, ipso facto uit te skakel.

---

69) Ibid.

70) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1969, p.26.

Die Departement van Nasionale Opvoeding is verantwoordelik vir spesiale skole wat in twee hoofkategorieë val, nl. departementele skole en staatsondersteunde skole. Eersgenoemde is skole wat net soos byvoorbeeld die nywerheid- en verbeteringskole regstreeks deur die Departement beheer word. Die Staat het volle finansiële verantwoordelikheid vir hierdie skole.

Die staatsondersteunde skole vorm die grootste groep van die spesiale skole. Hierdie skole word deur bestuursliggame bestuur en word volgens 'n bepaalde subsidieformule deur die Staat gesubsidieer. Dié subsidies beloop in sommige gevalle tot 96 persent van die totale goedgekeurde uitgawes van die skole.<sup>71)</sup>

Die volgende tabel dui aan wat die getalle van die voltydse blanke leerlinge in die verskillende soorte spesiale skole in 1970 was:

TABEL XXIII: SPESIALE SKOLE : AANTAL VOLTYDSE LEERLINGE SOOS OP DIE EERSTE DINSDAG IN MAART 1970.

	<u>Staats- ondersteunde skole</u>	<u>Departementele skole</u>	<u>Totaal</u>
Dowes .....	596	-	596
Blindes, swaksiendes	405	-	405
Serebraalverlandes ..	670	-	670
Epileptici .....	102	102	204
Liggaamlik-gestremdes	189	432	621
	<u>1962</u>	<u>534</u>	<u>2496</u> <sup>72)</sup>

Uit die totale is dit in die eerste plek duidelik dat die oorgrote meerderheid leerlinge in staatsondersteunde skole tereg kom. Verder blyk dit dat die Staat regstreeks verantwoordelikheid vir net twee soorte gestremde leerlinge het, t.w. epileptici en liggaamlik-gestremdes. Die serebraalverlandes vorm die grootste enkele groep en die epileptici die kleinste groep van al die leerlinge in spesiale skole.

71) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.23.

72) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.113.

Die volgende spesiale skole bestaan tans in die Republiek:

Departementele spesiale skole.

Skole vir liggaamlik-gestremdes.

Elizabeth Conradieskool, Pk. Diskobolos, oor Kimberley.  
Opelug Staatskool, Durban.  
Meerhof Spesiale Skool, Hartebeespoort, oor Pretoria.

Skool vir epileptici.

W.K. du Plessis-skool, Springs.

Staatsondersteunde spesiale skole.

Gesiggestremdes (blindes).

Skool vir Blindes, Worcester.

Swaksigtiges en kleuterblindes.

Prinshof-skool vir Swaksiendes en Voorbereidingskool vir Blindes, Pretoria.

Gehoorgestremdes.

Dominikaanse Grimley-skool vir Dowes, Kaapstad.  
Skool vir Dowes, Worcester.  
Fulton-skool vir Dowes, Gillets, Natal.  
Trans-Oranje-skool vir Dowes, Pretoria  
St. Vincent Skool vir Dowes, Johannesburg.

Epileptici.

Jan Kriel-skool vir Epileptici, Kuilsrivier, K.P.

Serebraalverlamdes en breinbeskadigde kinders.

Vista Nova Skool vir Serebraal Verlamdes, Kaapstad.  
Kaap-Receife-skool vir Serebraal Verlamdes, Kaapstad.  
Oos-Kaaplandse Skool vir Serebraal Verlamdes, Port Elizabeth.  
Brown-skool vir Serebraal Verlamde Kinders, Durban.  
Marthie du Plessis-skool vir Serebraal Verlamdes, Bloemfontein.



Pretoria-skool vir Serebraal Verlamdes, Pretoria.

Nuwe Hoop-skool vir Serebraal Verlamde Kinders, Pretoria.

Forest Town-skool vir Serebraal Verlamde Kinders, Johannesburg.

Muriel Brand-skool vir Serebraal Verlamdes, Brakpan.

Suidrandse Skool vir Serebraal Verlamde Kinders, Johannesburg.

Wesrandse Skool vir Serebraal Verlamdes, Krugersdorp.

Liggaamlik-gestremde kinders.

Hope Skool en Tehuise, Johannesburg.<sup>73)</sup>

2. Departementele spesiale skole.

a. Skole vir neurologies-gestremde kinders.

Neurologies-gestremdes sluit in: serebraal-verlamdes, epileptici en liggaamlik-gestremdes. Die oudste departementele skool van hierdie aard is die Elizabeth Conradie-skool vir liggaamlik-gestremde kinders te Kimberley. Hierdie skool en die Alexanderfontein-skool vir epileptici was vir baie jare die enigste twee departementele spesiale skole, albei te Kimberley.

In 1967 is daar in die Wet op Onderwysdienste (Wet No. 41 van 1967) daarvoor voorsiening gemaak dat die departement sekere staatsondersteunde skole kan oorneem.<sup>74)</sup> In 1969 is dan ook van hierdie voorsiening gebruik gemaak toe twee skole vir neurologies-gestremde kinders oorgeneem is t.w.:

- Die Meerhof-spesiale Skool te Hartebeespoortdam;  
en
- Die Opelug-Spesiale Skool te Durban.<sup>75)</sup>

In hierdie skole word omvattende opvoedkundige en rehabiliteringsdienste verskaf. Die personeel van die skole bestaan uit medici, para-medici (arbeid-,

73) Erudita Publikasies, op.cit., p.109-113.

74) Wet No. 41 van 1967, artikel 6.

75) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1969, p.26.

spraak- en fisioterapeute), kinetiese terapeute, verpleegsters, gespesialiseerde onderwysers en versorgingspersoneel. Daar word ook voorsiening gemaak vir kleuter-, primêre, en ook vir sekondêre onderwys vir leerlinge wat verder as st. 6 kan vorder.<sup>76)</sup>

b. Skool vir epileptiese kinders.

Daar bestaan net een departementele skool vir epileptici, nl. die W.K. du Plessis-skool vir Epileptici te Springs. Hierdie skool was vroeër bekend as die Alexanderfonteinskool vir Epileptici te Kimberley. Die skool is egter in 1968 na Springs oorgeplaas en herdoop na die W.K. du Plessis-skool<sup>77)</sup> (vernoem na die huidige Direkteur van Onderwys van die Departement van Nasionale Opvoeding). Behalwe dié skool is daar net een ander skool vir epileptici, t.w. die Jan Kriel-skool te Kuilsrivier, Kaapprovinsie, 'n staatsondersteunde skool wat reeds sedert 1937 bestaan.

3. Staatsondersteunde spesiale skole.

a. Skole vir neurologies-gestremde kinders.

Hierdie soort skole vorm die grootste groep van die spesiale skole en die aanvraag na hierdie soort onderwys neem steeds toe. Namate die resultate wat in dié skole behaal is, bekend word, wil steeds meer ouers hulle kinders soontoe stuur. In sy jaarverslag van 1971 meld die Sekretaris van Nasionale Opvoeding dat daar selfs reeds enkele ouers was wat as immigrante na Suid-Afrika verhuis het om hulle gestremde kinders in hierdie skole te plaas.<sup>78)</sup>

Deur die snelle groei in die aanvraag na hierdie soort skole het daar in die verlede 'n tekort aan onderwysgeriewe in hierdie verband ontstaan. Die Wet op

---

76) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1970, p.22.  
 77) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.20.  
 78) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.27.

Onderwysdienste maak dit egter vir die Departement moontlik om sekere skole vir buitengewone onderwys as staatsondersteunde skole te verklaar. Gedurende 1969 is drie sulke skole deur die Departement as staatsondersteunde spesiale skole verklaar:

- Die Martie Du Plessis-skool te Bloemfontein - n skool vir serebraal-verlamde kinders.
- Die Hope-skool en -tehuise te Johannesburg - n skool vir liggaamlik-gestremde kinders.
- Die Uplands-skool te Pietermaritzburg - n skool vir liggaamlik-gestremde kinders.<sup>79)</sup>

Inmiddels was daar gedurende die afgelope paar jaar bouprogramme by haas alle skole vir serebraal-verlamde kinders, dog leerlinge word so vinnig toegelaat dat nuwe geboue gevul word sodra hulle voltooi is en verdere aansoeke om toelating word deurentyd ontvang.

In 1971 was daar 17 skole vir neurologies-gestremde kinders. Dit het die volgende ingesluit: tien skole vir serebraal-verlamdes, vier vir liggaamlik-afwykendes en drie skole vir epileptici. n Nuwe skool, die Trans-Oranje-skool vir Epileptici in Pretoria is in aanbou en vertoë is ook reeds tot die Departement gerig vir die stigting van nog n skool vir serebraal-verlamdes.<sup>80)</sup>

b. Skole vir sintuiglik-gestremde kinders.

(1) Algemeen.

Al die skole vir sintuiglik-gestremde kinders word deur kerklike besture onder toesig van die Departement beheer. Die skole word finansieel ruim deur die Departement gesubsidieer; in sommige gevalle is die subsidie gemiddeld tot selfs 96 persent van die totale goedgekeurde jaarlikse uitgawes.<sup>81)</sup>

---

79) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1969, p.26.

80) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.27. Die skool vir epileptici is in 1972 in gebruik geneem.

81) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.23.

n Groot verskeidenheid van die modernste apparaat word as onderwys hulpmiddels in hierdie skole aangewend terwyl daar steeds navorsing gedoen word in verband met die doelmatigste gebruik van beproefde apparaat. Personeel word deur hulle bestuure finansieel daartoe in staat gestel om internasionale konferensies oor die opvoeding van gesig- en gehoor gestremdes by te woon en om skole wat buitengewone onderwys vir sintuiglik-gestremdes in die buiteland aanbied, te besoek.<sup>82)</sup>

Volgens blyke van internasionale erkende oorsese deskundiges wat Suid-Afrika gedurende die afgelope jare besoek het, vergelyk die onderwys van doof-blindes en swaksindes, en die Departement se personeelvoorsiening ten opsigte van die sielkundige en voorligtingsdienste aan hierdie skole gunstig met die beste op hierdie gebied.<sup>83)</sup>

## (2) Skole vir gehoor gestremdes.

Daar bestaan tans vyf skole vir gehoor gestremde kinders in die Republiek. Al vyf is staatsondersteunde skole. Hierdie skole is almal residensiële skole.

Met die uitsondering van die Fulton-skool vir Dowes in Natal wat slegs vir die opvoeding van jong dowe kinders voorsiening maak, bied al die skole onderrig aan gehoor gestremde kinders vanaf die kleuterstadium tot st. X.

Vanweë hulle besondere gebreke en ooreenkomstig hulle bekwaamhede, aanleg en belangstelling ontvang die leerlinge opleiding in akademiese, tegniese en handelsvakke, terwyl die dogters ook in huishoudkunde onderrig word.<sup>84)</sup> Die standerdverdeling van voltydse leerlinge by hierdie skole was in 1970 soos volg:

---

82) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1969, p.29-30.

83) Ibid., p.30.

84) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.20.

85) Syfers verkry uit die Departement se jaarverslae vir die betrokke jare.

TABEL XXIV. SKOLE VIR GEHOORGESTREMDES: STANDERDVERDELING VAN VOLTYDSE LEERLINGE, 1966 - 1970.

PRIMÊRE KLASSE

<u>Jaar</u>	<u>Sub-normaal</u>	<u>Gr. I</u>	<u>G.II</u>	<u>St.1</u>	<u>St.2</u>	<u>St.3</u>	<u>St.4</u>	<u>St.5</u>	<u>Nie geklas</u>	<u>Totaal</u>
1966	37	54	47	47	49	62	54	53	-	403
1967	52	47	39	45	46	57	53	48	-	387
1968	41	67	36	44	52	59	55	46	-	400
1969	9	53	51	39	53	40	51	46	-	342
1970	61	97	58	40	42	49	40	56	-	443
<u>Totaal</u>	<u>200</u>	<u>318</u>	<u>231</u>	<u>215</u>	<u>242</u>	<u>267</u>	<u>253</u>	<u>249</u>		<u>1975</u>

SEKONDÊRE KLASSE

<u>Jaar</u>	<u>Sub-normaal</u>	<u>St.6</u>	<u>St.7</u>	<u>St.8</u>	<u>St.9</u>	<u>St.10</u>	<u>Nie geklas</u>	<u>Totaal</u>
1966	-	38	22	34	4	6	44	148
1967	-	50	28	17	17	-	3	115
1968	-	38	28	14	11	3	-	94
1969	57(a)	54	11	24	14	2	41	203
1970	-	43	43	9	18	3	37	153
<u>Totaal</u>	<u>57</u>	<u>223</u>	<u>132</u>	<u>98</u>	<u>64</u>	<u>14</u>	<u>125</u>	<u>713</u> <sup>85)</sup>

(a) By herkontrolering van dié tabel kon geen fout of verklaring gevind word met betrekking tot die hoë getal subnormale leerlinge in 1969 nie.

Uit die tabel blyk dit dat die groot oorwig van leerlinge in die primêre klasse is (vergelyk die groot verskil tussen 1975 en 713). Daar is n redelik groot gaping tussen Graad I en II (318 en 231). Die verspreiding is verder taamlik gelykmatig tot by st. 6; dan kom daar egter n skerp daling na st. st. 7 toe (van 223 tot 132) en die getalle spits dan geleidelik af tot by st. 10. Dit blyk dan ook verder dat n baie klein getal van hierdie gestremde leerling daarin slaag om by standerd 10 uit te kom (14 leerlinge gedurende n periode van vyf jaar).

Dit is alleen maar die besonder briljante gehoorgestremde kind wat tot die seniorsertifikaat-peil kan vorder. Daar word egter daarvoor voorsiening gemaak dat waar n kind dit moeilik vind om die akademiese opleiding onder die knie te kry, daar wel ander rigtings is waarin hy opgelei kan word vir n spesifieke beroep. So is daar vir dogters opleidingsfasiliteite met betrekking tot boekhou- en ponsmasjienbediening, asook Tikskrif, terwyl seuns as kabinetmakers, sweisers, motorbakherstelwerkers en boekbinders opgelei kan word.<sup>86)</sup>

Die skole vir gehoorgestremdes is soos volg:

Die Skool vir Dowes, Worcester.

Dit is n baie ou skool, gestig in 1881. Anders as die ander skole vir gehoorgestremdes is hierdie n parallelmediumskool. Dié skool is ook een van die drie groot skole van hierdie soort. Die skool is in 1905 van die Skool vir Blindes in Worcester geskei.

Die Dominikaanse Grimley-skool vir Dowes, Kaapstad.

Hierdie skool is die oudste van sy soort in Suid-Afrika en is in 1863 gestig. Dit is n relatief klein skool met n leerlingtal van minder as n honderd en het Engels as voertaal.

---

86) Malan, R.Z. Die Trans-Oranje-skool vir Dowes. Rehabilitasie in Suid-Afrika, Junie 1971 (Vol. 15 No. 2), p.65.

Die Dominikaanse Grimley-skool vir Dowes in Kaapstad is vanaf 1 April 1953 goedgekeur as n staatsondersteunde skool vir blanke leerlinge. Die skool was voorheen n afdeling van die Dominikaanse Skool vir Dowes te Wittebome, Kaapstad, maar weens die toename in leerlinge is besluit om dit as n afsonderlike skool te verklaar.<sup>87)</sup>

Die Trans-Oranje-skool vir Dowes, Pretoria.

Hierdie skool is n Afrikaansmediumskool en word ook gereken as n groot skool met n leerlingtal van meer as twee honderd. Die skool is in 1954 gestig en is die eerste staatsondersteunde spesiale skool ten opsigte waarvan die staat ook gedeeltelik stigtersinisiatief gehad het.

Die skool staan onder die beheer van die Trans-Oranje-instituut vir Buitengewone Onderwys wat ook voornemens is om binne afsienbare tyd n skool vir hardhorendes in die lewe te roep.<sup>88)</sup>

In resente jare is groot uitbreidings by die Trans-Oranje-skool aangegaan en in hierdie verband word deur die Sekretaris van Nasionale Opvoeding vermeld dat in die skool se groot program van uitbreidings daar reeds meer as R300 000 bestee is.<sup>89)</sup>

Die Fulton-skool vir Dowes, Kaapstad.

Die Fulton-skool is n junior-skool en is n Engelsmediumskool. Dit is ook n betreklik klein skooltjie, ongeveer soos die Grimley-skool.

---

87) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1952, p.14.

88) Grobler, G.P.J. Die Trans-Oranje-instituut vir Buitengewone Onderwys. Rehabilitasie in Suid-Afrika, Junie 1972 (Vol. 16, No. 2), p.47.

89) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.27.

Die St. Vincent-skool vir Dowes, Johannesburg.

Hierdie skool is ook n Engelsmediumskool. Volgens standarde wat vir skole vir buitengewone onderwys geld is dit n groot skool, waarvan die leerling-tal twee honderd te bowe gaan.

(3) Skole vir gesiggestremde leerlinge.

Daar bestaan tans twee skole vir gesiggestremde leerlinge in die Republiek, nl. die Skool vir Blindes, Worcester en die Prinshofskool vir Swaksiendes en Voorbereidende Skool vir Blindes, Pretoria. Laasgenoemde is n skool, wat net soos die Trans-Oranje-skool vir Dowes, deur die Trans-Oranje-instituut vir Buitengewone Onderwys beheer word. Genoemde Instituut het reeds aansoek gedoen vir die instelling van n tweede skool vir swaksiendes êrens aan die Rand.<sup>90)</sup>

Vir die oningewyde is dit interessant om daarop te let dat die onderwys van blindes hemelsbreed verskil van dié van swaksiendes.<sup>91)</sup> Hoewel daar vir n geruime tyd al klasse vir swaksiendes aan die Worcesterse Skool vir Blindes (blankes) en die Athlone-skool in Kaapstad (nie-blankes) gegee word, is die eerste volwaardige skool vir swaksiendes (die Prinshofskool) eers in 1962 in Pretoria gestig.

Daar bestaan tans twee skole vir gesiggestremdes in die Republiek:

Die Skool vir Blindes, Worcester.

Hierdie skool wat in 1881 gestig is, maak voorsiening vir die opvoeding in afsonderlike afdelings van onder meer verstandelik vertraagde gesig-

---

90) Jaarverslag van die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.27.

91) Verslag van die Konferensie oor die onderwys van blindes en swaksiendes (eerste konferensie), Worcester, 1964, p.5 en 63.



gestremdes, doof-blindes en blindes op primêre en sekondêre vlak. Akademiese sowel as ambagsopleiding word aangebied. Kursusse word onder andere aangebied in musiek, telefonie, klavierstem en -herstel asook voorberoepsopleiding in sekere nywerheidsrigtings en ander rigtings waarin blindes reeds sukses gehad het. Opleiding word verskaf tot op matrikulasievlak deur middel van albei landstale. Die leerlingtal is meer as 250.<sup>92)</sup>

Die Prinshofskool vir Swaksiendes en Voorbereidende Skool vir Blindes, Pretoria.

Hierdie skool is in 1962 gestig en het ontstaan uit klasse vir swaksiendes wat in 1952 aan die Afrikaans-medium Primêre Skool in Braamfontein begin is.<sup>93)</sup> Dit is die enigste volwaardige skool vir swaksiende kinders in die Republiek en bied opleiding vanaf die grade tot standerd 10. Akademiese kursusse word aangebied, en die eerste Nasionale Senior Sertifikaatkandidate het in November 1968 vir die eksamen ingeskryf.<sup>94)</sup>

n Voorbereidende afdeling vir jong blinde kinders is aan die inrigting verbonde. Daar is na ondersoek deur n Komitee van Onderzoek na die Uitbreiding van Onderwysgeriewe vir Blanke Blindes besluit dat blinde leerlinge aan die Prinshofskool onderrig mag ontvang tot en met Graad II. Hierdie kinders word dan na die Skool vir Blindes op Worcester oorgeplaas.<sup>95)</sup>

---

92) Jaarverslae van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.23 en die Departement van Nasionale Opvoeding, 1971, p.27.

93) Verslag van die Tweede Konferensie oor die onderwys van blindes en swaksiendes, Worcester, 1966, p.10.

94) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1968, p.23.

95) Jaarverslag van die Departement van Hoër Onderwys, 1969, p.29.

Van die Prinshofskool het die voormalige Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap by geleentheid gesê:

"Hierdie inrigting wat na voltooiing sowat R900,000 sal kos, is een van die modernste in sy soort in die wêreld, want voor die bou daarvan het die betrokkenes n studiereis deur die buiteland gemaak om op hoogte te kom van die jongste ontwikkelings in die onderwys van die swaksiendes." 96)

Tabel XXV weerspieël die skolastiese aktiwiteite van die twee skole vir blindes gesamentlik. Uit dié tabel blyk dit dat die leerlingtalle aan skole vir gesiggestremdes minstens van graad II af n stygende lyn toon tot by st. 7 (beginnende by 110 en eindigende by 177) behalwe vir n effense insakking by st. 4. Vanaf st. 8 daal die getalle vinnig tot by st. 10. Tagtig leerlinge het daarin geslaag om tot by st. 10 te vorder. Verder word ook opgemerk dat daar ongeveer twee maal soveel leerlinge in die primêre klasse is (subnormale leerlinge ingesluit) as wat daar in die sekondêre klasse is.

Interessante feite kom ook aan die lig wanneer die onderhawige tabel ten opsigte van gesiggestremdes (tabel XXV) vergelyk word met die ooreenstemmende tabel ten opsigte van gehoorgestremdes (tabel XXIV).

Eerstens is gehoorgestremde leerlinge in die vyf skole van hierdie aard heelwat meer as die leerlinge in die twee skole vir gesiggestremdes. Waar die getalle in die sekondêre klasse in die totaal min of meer ooreenkom, is die getal gehoorgestremde leerlinge in die primêre klasse egter heelwat meer. Vergelykenderwys kan dus gekonstateer word dat daar in verhouding meer gesiggestremde leerlinge by die sekondêre klasse uit kom as wat die geval met gehoorgestremdes is. Die getal inskrywings vir standaard 10 oor die gegewe periode van vyf jaar is kensketsend hiervan (80 gesiggestremde leerlinge teenoor 14 gehoorgestremde leerlinge).

---

96) Minister J. de Klerk. Openeningsrede. Verslag van die Tweede konferensie oor die onderwys van blindes en swaksiendes, Worcester, 1966, p.11.

97) Syfers verkry uit die Departement se jaarverslae vir die betrokke jare.

TABEL XXV. SKOLE VIR GESIGGESTREMDES : STANDERDVERDELING VAN VOLTYDSE LEERLINGE, 1966-1970.

PRIMÊRE KLASSE

<u>Jaar</u>	<u>Sub-normaal</u>	<u>Gr. I</u>	<u>Gr. II</u>	<u>St.1</u>	<u>St.2</u>	<u>St.3</u>	<u>St.4</u>	<u>St.5</u>	<u>Nie geklas</u>	<u>Totaal</u>
1966	35	24	19	25	22	21	23	25	-	194
1967	43	16	22	24	28	23	23	19	-	198
1968	39	26	22	23	27	44	33	35	-	249
1969	52	28	18	23	22	27	31	34	17	252
1970	48	34	29	17	27	31	29	43	-	258
<u>Totaal</u>	<u>217</u>	<u>128</u>	<u>110</u>	<u>112</u>	<u>126</u>	<u>146</u>	<u>139</u>	<u>156</u>	<u>17</u>	<u>1151</u>

SEKONDÊRE KLASSE

<u>Jaar</u>	<u>Sub-normaal</u>	<u>St.6</u>	<u>St.7</u>	<u>St.8</u>	<u>St.9</u>	<u>St.10</u>	<u>Nie-geklas</u>	<u>Totaal</u>
1966	-	26	44	23	11	10	1	115
1967	-	32	27	42	19	9	-	129(a)
1968	6	34	32	30	28	17	1	148
1969	-	34	37	25	30	21	25	172
1970	-	40	37	29	19	23	31	179
<u>Totaal</u>	<u>6</u>	<u>166</u>	<u>177</u>	<u>149</u>	<u>107</u>	<u>80</u>	<u>58</u>	<u>743<sup>97)</sup></u>

(a) Vakleerlinge uitgesluit.

F. SLOT.

Die oorname van die beheer oor buitengewone onderwys deur die Unie-Onderwysdepartement in 1925 het 'n nuwe era vir hierdie soort onderwys ingelui. Beter voorsiening is gemaak vir finansiële bystand en die onderwys vir alle soorte liggaamlik-gestremde kinders kon nou meer doelgerig ontwikkel onder 'n unïforme beleid ten opsigte van spesiale skole in al vier die provinsies. Groot vordering is ook op alle terreine van buitengewone onderwys gemaak in die afgelope vier en 'n half dekades. Waar die Unie-Onderwysdepartement in 1925 finansiële bystand aan slegs vier spesiale skole verleen het, het die getal in 1972 aangegroei tot twintig tērwyl daar vandag ook nog vier departementele spesiale skole is. Tabel XXVI dui die groei van spesiale skole oor 'n tydperk van veertig jaar aan. Uit hierdie tabel blyk die volgende:

1. Die toename van staatsondersteunde spesiale skole, asook die getal leerlinge in hierdie skole, was maar baie stadig gedurende die eerste paar dekades na oorname deur die Departement. Gedurende die oorlogsjare was daar 'n vermindering in die aantal skole en leerlinge.
2. Departementele spesiale skole se statistiek begin eers by 1950. Die eerste skole van hierdie aard is eers in 1950 gestig. Een van hierdie skole is 'n paar jaar later gesluit.
3. Die staatsondersteunde skole het vinnig toegeneem na 1955 (van 6 skole en 904 leerlinge in 1955 tot 11 skole en 1278 leerlinge in 1960). Dit was die gevolg van die aanbevelings van die Komitee wat ondersoek ingestel het na die verantwoordelikheid vir en opvoeding van serebraalverlamde kinders. Na aanleiding van die aanbevelings van die genoemde Komitee is op 1 April 1955 alleen drie skole vir serebraalverlamde kinders as staatsondersteunde skole erken.<sup>98)</sup>

---

98) Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1955, p.13.

99) Syfers verkry uit die Departement se jaarverslae vir die betrokke jare.

TABEL XXVI. BUITENGEWONE ONDERWYS: AANTAL INRIGTINGS EN LEERLINGE, 1930 - 1970.

	Departementele skole		Ondersteunde spesiale skole		Totaal	
	Aantal inrigtings	Aantal leerlinge	Aantal inrigtings	Aantal leerlinge	Inrigtings	Leerlinge
1930(a)	-	-	5	362	5	362
1935(a)	-	-	6	519	6	519
1940(a)	-	-	8	881	8	881
1945	-	-	5	639	5	639
1950	3	412	5	756	8	1168
1955	2	392	6	904	8	1296
1960	2	313	11	1278	13	1591
1965	2	369	13	1286	15	1655
1970	4	535	17	2007	21	2542 <sup>99)</sup>

(a) Hierdie jare se statistiek sluit Nie-blankes in.

4. Na 1965 was daar weer 'n skerp styging (van 'n totaal van 15 skole na 'n totaal van 21 skole). Dit was hoofsaaklik die gevolg van die oornome van 'n aantal skole deur die Departement vanaf die provinsiale onderwysdepartemente na die inwerkingtreding van die Wet op Onderwysdienste van 1967.

Spesiale skole stel ook swaar eise aan die Sentrale Regering wat finansiering betref. Hierdie skole benodig spesiale gebouvoorsiening en dikwels ook duur hulpmiddels, afgesien van gespesialiseerde remediëringdienste soos mediese en terapeutiese versorging. Ook het die gestremde kind meer individuele aandag van die onderwyser nodig sodat personeelvoorsiening ook heelwat hoër is as wat die geval in die gewone skole is.

In die geheel gesien, is buitengewone onderwys dus 'n duur soort onderwys. In die volgende tabel word die koste per leerling van die blanke leerlinge in die gewone provinsiale skole vergelyk met die koste per leerling in die geval van die Elizabeth Conradie-skool vir liggaamlik-gestremde kinders.

TABEL XXVII. 'N VERGELYKING VAN DIE KOSTE PER LEERLING VAN BLANKE LEERLINGE IN PROVINSIALE LAER- EN HOËR-SKOLE MET DIE KOSTE PER LEERLING VAN LEERLINGE IN DIE ELIZABETH CONRADIE-SKOOI VIR LIGGAAMLIG-GESTREMDES.

	<u>Koste per leerling per jaar</u>	
<u>Jaar.</u>	<u>Provinsiale Skole</u>	<u>Elizabeth Conradie-skool</u>
1956	R120,30	998,70
1957	122,20	1129,90
1958	131,50	1420,90
1959	137,70	1571,00
1960	140,00	506,70
1961	142,70	1548,40
1962	143,40	1595,90
1963	154,70	1666,80
1964	162,00	1778,80
1965	175,50	1887,20
1966	194,60	1932,70
1967	201,70	2193,10 <sup>100)</sup>

100) Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. 'n Ontleding van die onderwysfinansies in die Republiek van Suid-Afrika, p.14 en 24.

Die syfers hierbo dui die groot verskil in eenheidskoste aan (R201,70 teenoor R2193,10 in 1967) en beklemtoon die feit dat buitengewone onderwys in verhouding ook n buitengewoon hoë uitgawe meebring. Dit is en bly egter n noodsaaklike en vanselfsprekende uitgawe in die volkshuishouding.

Ten slotte dien gemeld te word dat die Departement ten opsigte van buitengewone onderwys, net soos in die geval van die gewone skole, die jongste onderwysontwikkelinge waar moontlik implimenteer ten einde aan die gestremde kind dieselfde onderwysfasiliteite te bied as wat die liggaamlik-normale leerling geniet. Dit word geïllustreer deur die feit dat hierdie skole ook jeugweerbaarheid as n verpligte nie-eksamenvak gaan invoer, asook dat gedifferensieerde onderwys vanaf 1974 by alle spesiale skole in werking sal tree.<sup>101)</sup>

-----oOo-----

---

101) Soos bekend gemaak by n konferensie van prinsipale in Pretoria vanaf 3 - 5 Oktober 1972. St. Vincent's Quarterly, p.3.